# WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Desember 1996 | Vol. 23

## IS GELOFTEDAG SONDE?

Geloftedag is nie versoeningsdag nie. Geloftedag is nie 'n vakansiedag nie. Geloftedag is ook geen gewone dag nie. Is daar nog plek in Afrika vir Geloftedag? Dinge het so dramaties verander met die gevolg dat alles herbevraagteken word. Een van die sake wat krities bekyk word, is die viering van Geloftedag. Hoe moet gereformeerdes teenoor Geloftedag staan - en hier word nie net mense wat Afrikaans praat, bedoel nie.

### Die skames

Verskillende houdings tree so stil-stil na vore oor die viering van Geloftedag. Daar is diegene wat hulle skaam daaroor. Dit is mense wat so deur die huidige aanslag van die kommunistiese propaganda oor valse eenheid en valse geregtigheid gekniehalter word dat hulle nie meer helder kan dink nie. Die sosialisme is besig om 'n nuwe eenheidsgedagte in Suid-Afrika te vestig. Daar is net een reël: absolute gelykheid. Vir enige onderskeiding is daar nie plek nie, en dit sluit ook volksverskeidenheid in. Mens kry deesdae Afrikaners, selfs gelowiges, wat so winduit geslaan is deur die marxiste dat hulle geen eie kragdadigheid meer oor het nie. Die mense het skaam geword vir hulle self - soveel so dat hulle geen moed en lus het om Geloftedag te vier nie. Hulle is ook so benoud dat Geloftedag tog te gou met apartheid verbind kan word.

### Slap hande

Hierdie lamlendigheid onder Arikaners ontstaan nie uit politieke oorwegings nie, maar vind sy wortel in onkunde oor die Skrifwaarhede en 'n twyfelagtige gemoed - omdat daar lank nie meer antwoorde op die sosialistiese propaganda is nie. Twyfel waaroor? Algemene twyfel daaroor of 'n volk 'n roeping het, en nog meer wat die roeping van God vir die Boere inhou. Hierdie slaphandigheid kan gerus maar end kry. Ideologiese apartheid is nie die enigste euwel van ons tyd nie - 'n gelowige wat sy roeping binne sy volksverband versaak, is net so demonies ongehoorsaam as wat enige ideologie is. Gereformeerdes behoort hier weer sterk die klem daarop te laat val dat geloof 'n mens ook kragdadig moet maak - op alle lewensterreine.

### Die versuimers

'n Tweede groep Afrikaners verwaarloos die gelofte, nie uit 'n skaamskuldgevoel nie, maar uit luukse genotsug. Dis die mense wat genoeg geld en genoeg probleme het om maar sonder God se gelofte klaar te kom. Die materialisme en geldjagery het hulle vasgedraai dat hulle so verwêrelds het dat 'n gelofte aan God vir hulle geen erns is nie. Hulle het geen erg aan God en daarom geen erg aan die gelofte nie. Dis die individualiste wat binne hulle geldkokonnetjies geen breër verband ken as hul eie gesin nie. Maar ook hier is gruwelike versaking - omdat God nie erken word nie. Geen geloof bring ook geen

*In hierdie uitgawe:*


- ⋆ IS GELOFTEDAG SONDE?
  A.L.A. Buys ........ 1
- ⋆ Skrifoordenking:
  GLO IN GOD, GLO OOK IN MY
  Ds. J.H. Schutte ........ 3
- ⋆ PROGRESSIEWE KONSERWATISME
  Dr. Ph. J. Huisjer ........ 5
- ⋆ PROPAGANDA TEEN DIE KERK
  Ds. H.W. van der Walt ........ 6
- ⋆ DIE BEKERTEKEN EN DIE NAGMAAL
  Prof. G.J.C. Jordaan ........ 9

verantwoordingsbesef. Hier moet die gereformeerdes God se evangelie met sy tweede snykant verkondig, naamlik dat waar God vergeet word, daar geen sprake van seën kan wees nie.

## Die versoeners

'n Derde groep wil die gelofte-idee breedweg behou - deur daaraan 'n heel nuwe inhoud te gee. Dit is die sogenaamde nuwe Afrikaanses wat nou die klem meer op versoening wil laat val. Hulle soek ook 'n nuwe eenheid. Die klem word saggies weggetrek van 'n volk se verhouding met God, na 'n taalgemeenskap se versoening met ander groepe. Maar dit kan nie deug nie. Definitief is versoening 'n Godgegewe moet, ook tussen bevolkingsgroepe, maar om God uit die prentjie te wil laat, is 'n poging tot horisontale versoening. En dit is geen versoening nie, maar Satan se poging om die volkere in ongehoorsaamheid agter hom aan te sleep vir sy groot aanslag teen die troon van Christus. Versoening tussen mense - los van Christus - mag nie, dit is die verkondigingstaak van die gereformeerdes aan hierdie valse versoeners.

## Die verlustigers

Vierdens kry mens die groep Afrikaners wat Geloftedag vier en wil vier - maar deels om die verkeerde rede. Hulle erken ten regte dat die gelofte voor God gehandhaaf moet word, maar dan kom daar iets by. In Geloftedag vind hulle 'n middel om hulle eie frustrasies te kanaliseer. Dis mense wat Geloftedag vier, juis omdat dit "van die Afikaner weggeneem" word. Hulle vier dit uit 'n benoude bedreigingsgevoel. Daar sit 'n moedswilligheid in, 'n selfsug, 'n Godonterende nasionalisme. Die gelofte tot God word omvorm en as 'n hefboom gebruik om die Afikaner se nasionale hoogmoed te streel.

Mens kry ook verdere uitwasse waar gedink word dat God nooit die Afikaner sal verlaat solank as wat die gelofte net formeel gehadhaaf word nie. Maar God het geen so 'n belofte aan die Afrikaner gemaak nie. God skuld die Boere niks nie. Dis onwaar om te dink dat God nooit die Afikaner sal los nie - ten spyte van sy gruwelike afgodery deesdae, en sy Godsverlating. Hier moet die gereformeerdes weer duidelik stel dat die Afrikaner nie God se uitverkore volk is nie. Die historiese volk Israel is en bly God se uitverkore volk, die ander gelowiges is inentings op daardie stam (vgl. Rom 9-11 oor die mak en wilde olyfboom). Waar die nasionalisme 'n oorhand kry en vir die geloof wil begin dikteer, daar moet ernstig gewaarsku word. Daar mag geen selfgenoegsaamheid wees om te dink "maar ons vier darem nog ons volksfees teenoor ons vyande" nie.

## Een van twee

Die vraag is nie ten eerste hoe Geloftedag gevier word nie, maar of 'n gelofte reg is. Nie of die gelofte in stand gehou KAN word nie, maar of dit in stand gehou MAG word. Slegs een van twee paaie moet gevolg word.

'n Geloftedag vir 'n volk is reg voor God - en alle gelowiges moet dit toegee OF so 'n gelofte was 'n sonde van die begin af en daaroor moet belydenis en bekering gedoen word - en alle gelowiges moet dit toegee. Die dag se inhoud moet nie net uit skuheid verander word nie, die dag mag nie in ongeloof verwaarloos word en verwater nie, die dag mag nie 'n sataniese versoening verkondig nie, die dag mag nie uit rou nasionalisme 'n verlustiging teenoor ander wees nie.

## Is Geloftedag sonde?

Daar kan skynbaar gou "ja" gesê word dat dit sonde is. Ja, omdat dit erken word as geldig en dit nie opreg gevier word nie. Ja, omdat dit as kwetsend teenoor ander gesien word, wat die liefdesgebod verbied. En omdat dit nasionalisme aanblaas, omdat die Afrikaners die enigste volk in die wêreld is wat so iets op sy skouers geneem het. Moet daar nie maar bely word dat Geloftedag ook sonde is en was, en dat daar voor God daaroor versoening en herstel gesoek moet word nie? Want die dag is óf reg óf verkeerd. Dit moet deur alle Afikaners gehou of deur almal afgeskaf word.

Alhoewel dit 'n gewigtige saak is om 'n gelofte aan God te doen, mag 'n persoon, 'n gesin, 'n gemeente, en ja, ook 'n volk dit aan God doen (Pred 5:1-5). Geloftedag gaan oor gebedsverhoring - en die Boere het hulle

verbind om dit kollektief te gedenk. As iemand in jou voorgeslag maar een maal die gelofte herhaal het, is jy as nageslag gebind. "As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe."

God het aan Abraham, die vader van alle gelowiges, ook dié wat Afrikaans praat, beloof: "Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom" (Gen 17:6). Van hierdie geredde nasies sal kom en voor God se troon aanbid (Open 15:4). Van hierdie geredde konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer na die ewige stad van God (Open 21:24,26).

### Werke agtervolg

Wat gaan die Afrikanervolk bring na die troon van God? Skaamte wat die kommuniste ons voorgesê het? Nasionalisme wat Satan ons geleer het? Vergeetagtigheid omdat ons ondankbaar "geld gemaak" het? 'n Versoening met ander volke waarop die bloed van Christus nie gedrup het nie? Wat gaan ons aanbring - as ons nog die geloof behou om voor die troon te mag staan? Want ons werke - ook as Afrikanervolk - gaan ons agtervolg tot voor die troon van die Vader (Open 14:13) van ons Here wat regs van Hom regerend sit.

Nee, ons moet ons gelofte met ons saamneem - tot voor die troon van God. Dis die wit kleed van geregtigheid wat op ons voetspore volg. Ons stuur dit nie vooruit nie, ons wil God nie daarmee probeer omkoop nie, maar dit volg agter ons - omdat die gelowiges werklik in Christus se bloed gereinig is. Ander volke se gelowiges kan en sal ons nie kwalik neem as ons dankbaar ons wit kleed dra nie. Inteendeel, ons verwag van hulle om ter wille van God se eer, ons op te skerp en te vermaan om nie Geloftedag agterweë te laat nie - want dit is nie tot God se eer as die Afrikaner sonder sy gelofte by die Vader se troon aankom nie.

Geloftedag gaan oor dankbaarheid en dit kan slegs in volkome afhanklikheid van Christus ons Verlosser gevier word. Dit is onbeskaamde geloof. Dit is kragdadige geloof. Dit is 'n dankbare volk. Dit is gereformeerd - wêreldwyd.

**A.L.A. Buys**

★★★★★

## SKRIFOORDENKING:

## GLO IN GOD, GLO OOK IN MY

**Joh 14:1:** *"Laat julle hart nie ontsteld word nie, glo in God, glo ook in My".*

'n Gees van pessimisme en swartgalligheid - om nie te sê wanhoop nie - het in ons land posgevat. Baie mense openbaar veelal dié gesindheid: alles is verlore. Daar is vir ons en ons kinders geen toekoms nie. Ons het die einde van die pad van die Christelike beskawing in Suid Afrika bereik. As ons ons blind staar teen die omstandighede wat feitlik op elke terrein in ons land heers as ons kyk na vooruitsigte vir die onmiddelike toekoms, het ons seker meer as voldoende rede om hierdie gesindheid te openbaar. Oral word die kerk en die christelike beginsels waarvoor ons staan en wat vir ons so dierbaar is, geïgnoreer en op die agtergrond gedruk. Daar word feitlik nie meer na die kerk geluister nie, dit is asof die satan op alle terreine en op alle plekke in ons land vrye teuels gegee word.

### Verwagtings

Jesus se dissipels moes seker ook so gevoel het gedurende die laaste paar dae wat sy kruisiging voorafgegaan het. Watter hoë verwagtinge het hulle nie van hierdie man van Nasaret gekoester nie! Hulle het vas geglo dat Hy die Messias, die Saligmaker, sou wees wat na die aarde gestuur is om sy volk te verlos. Die verlossing waarop hulle hulle hoop gevestig het, was egter nie 'n verlossing uit die mag van satan of 'n verlossing uit die mag van die sonde nie. Nee, hulle Messiasverwagting het 'n totaal aardse karakter gedra. As toegewyde Jode het hulle onder invloed van die Fariseërs en Skrifgeleerdes geglo dat die Messias sou kom om die Romeinse juk af te werp en om die koningstroon van Dawid in sy vorige glorie te herstel. Ja, Hy sou nog meer doen. Ja, so het hulle geglo, Hy sou as Koning heerskappy voer oor die ganse aarde, hulle, sy dissipels, sou belangrike posisies in sy

koninkryk beklee. Hulle het sommer nog kort gelede met mekaar daaroor geredeneer wie van hulle dan nou eintlik die grootste in sy koninkryk sou wees. Hoe langer hulle hier op aarde saam met Jesus gewandel het, des te meer het hulle daarvan oortuig geraak dat Hy die beloofde Saligmaker was.

Toe gebeur dit. Eendag, oënskynlik sommer so uit die bloute, het Jesus hulle meegedeel dat hulle na Jerussalem opgaan en dat Hy baie van die ouderlinge en owerpriesters en Skrifgeleerdes sou moes ly en doodgemaak word en op die derde dag sou opstaan. Dit moes vir die dissipels gevoel het of iemand 'n beker koue water in hulle gesig gegooi het. Skielik was hulle aardse Messiasverwagting die nek ingeslaan. Hulle wou nie 'n lydende Messias hê nie, maar 'n triomferende Messias. Hulle wou nie 'n Saligmaker hê wat doodgemaak sou word nie, maar 'n Saligmaker wat al die vyande van Israel om die lewe sou bring.

## Teleurgestel

Jesus se woorde was egter nie net vir hulle onverstaanbaar nie, hulle was ook diep teleurgestel in Hom. Het hulle hulle dan met Hom misgis? Was hy dan nie werklik die Messias wat hulle gedink het nie? Sy woord het hulle ook met diepe droefheid vervul. Hulle het nie kans gesien om sonder Hom voort te gaan nie. Wat sou van hulle word, wanneer Jesus nie meer by hulle sou wees nie? Sou hulle kringetjie maar weer uitmekaar spat? Sou hulle elkeen maar weer moes terugkeer na hulle vroeëre vissersberoep? Sou hulle moes vergeet dat hulle Jesus van Nasaret ooit geken het? Al hierdie gedagtes en nog baie meer moes deur hulle koppe gemaal het toe hulle Jesus se lydingsaankondiging by herhaling moes aanhoor.

Jesus ken sy dissipels. Hy weet dat hulle tot in die diepste van hulle wese ontsteld is, ja, dat hulle ontsteltenis hulle hele wese deurtrek. Hy weet ook dat hulle deur hulle ontsteltenis die gevaar loop om hulle geloof in Hom heeltemal kwyt te raak. Daarom wil Hy hulle troos en bemoedig met die woorde van ons teks: Laat julle hart nie onsteld wees nie, glo in God, glo ook in My. Die dissipels mag nie toelaat dat die gebrek aan begrip vir die betekenis van Jesus se lyding hulle teleurstelling en hulle droefheid hulle so oorweldig dat hulle Hom nie as hulle Saligmaker sou erken en aanvaar nie.

Maar as die dissipels dan nie mag toelaat dat hulle deur hulle ontsteltenis en droefheid en teleurstelling oorweldig word nie, wat moet dan hulle gesindheid wees, wat moet dan hulle ingesteldheid wees ten opsigte van Jesus se lydingsaankondiging? Jesus sê: Glo in God, glo ook in my. Ons het nie hier te doen met 'n ontkiemende of ontluikende geloof nie, so asof Jesus 'n beroep op sy dissipels doen om die eerste maal in Hom te glo nie. Nee, hulle het alreeds in Hom geglo. Hulle het dit by monde van Petrus in Sesarea-Filippi bely. Hulle geloof was egter nog swak en wankelend.

## Hou vas

Dit kon so maklik deur hule ontsteltenis en teleurstelling en droefheid verdring en uitgewis word. Daarom sê Jesus nou aan hulle: hou aan om te glo in God die Vader as julle Skepper en Onderhouer. Hou ook aan om te glo in My as die Seun van God, julle Redder en Saligmaker. Hou onvoorwaardelik vas aan God en aan My, al lyk die toekoms nou vir julle so donker. O, wat is die geloof tog anders as 'n kinderlike, ootmoedige vashou aan God, 'n vashou aan sy Woord, 'n vashou aan sy beloftes. Dit is wat Jesus hier van die dissipels vra en as hulle hierdie opdrag gehoorsaam, as hulle in God en in Hom bly glo, al lyk die toekoms nou stikdonker, sal hulle uiteindelik alles verstaan wat hulle moet verstaan wanneer hulle die Heilige Gees ontvang. Hy, hulle Trooster en Heiligmaker, sal hulle geloof nog verder opbou en versterk. Hy sal hulle toerus met krag uit die hoogte, om hulle taak as verkondigers van die evangelie te kan uitvoer, die taak wat Jesus aan hulle sal opdra.

Ook ons moet dit met ons hele hart glo in hierdie donker tye waarin ons lewe, sonder om ooit daaraan te twyfel. Jesus Christus ons Saligmaker het vir ons sondes aan die kruis op Golgota gesterf. Hy het die graf oorwin en aan die regterhand van sy hemelse Vader gaan sit en om vir ons plek te berei, Hy het sy Heilige Gees gestuur om te troos, te leer, te lei en heilig te maak. Eenmaal sal Hy weer kom om ons te kom

haal om by Hom te wees. Niks en niemand kan ons ooit van sy liefde skei en ons hierdie sekerheid ontneem nie. Dit is die anker waaraan ons moet vashou as ons bang word vir die magte van satan, wat in ons land losgelaat word. Dit is ons troos, wanneer dit vir ons lyk asof daar nie meer na die kerk geluister word nie. Asof die kerk kwyn en agteruitgaan. Hou in die geloof vas aan die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, want ons oorwining oor die magte van die duisternis is gewaarborg deur Jesus Christus. God het sy werk ook in ons land begin en Hy sal dit voleindig, want Hy laat die werk van sy hande nooit vaar nie.

**Ds. J.H. Schutte**

*****

## PROGRESSIEWE KONSERWATISME

### - ons plig teenoor die erfgoed van die Reformasie.

Ons is nie bang vir die woord "konserwatief" nie en ook nie vir die eienskap wat daardeur aangedui word nie. Ons vind dit nie 'n verkleinerende en minagtende kwalifikasie nie. Maar vir die woord "progressief", wat mense as die teenhanger vir "konserwatief" gebruik, is ons ewe min voor bang. Ons ag gesonde progressiwiteit net so broodnodig as gesonde konserwatisme. En dan met name ook in die prediking.

Jare gelede het 'n gereformeerde predikant die volgende eksperiment gedoen. Hy het 'n preek van Calvyn gehou sonder om iemand voor die tyd daarvan te sê. Sy oogmerk was om te sien wat die reäksie van die gemeente op die preek sou wees - of hulle sou agterkom dat dit 'n baie ou preek is wat hy gebruik. Hy doen navraag, maar niemand het iets opgemerk nie. Wat die inhoud betref, hoef dit 'n mens nie te verbaas nie - die leer, vermaning of troos wat gegee is, sou in elk geval nie anders as sy eie preek gewees het nie. Wat opval is dat die vreemde vormgewing aan hierdie waarhede en die verouderde manier van uitdrukking niemand in die stadsgemeente opgeval het nie.

Die prediking van elke bedienaar van die Woord, hoe hy ookal die gees van die reformasie inadem, dra tog die stempel van sy eie agtergrond en die milieu van die eeu waarin hy optree, en dit is goed en nodig.

### Anders gepreek

Daar word in ons dae, altans in verreweg die meeste Protestantse kerke, anders gepreek as in die dae van Luther, Zwingli en Calvyn. Dit sluit in die metode van behandeling van die Skrif, die tekskeuse, die taal en styl, woordkeuse en die lengte van die preek. Op meer as een punt was daar gesonde ontwikkeling, in sowel die prediking as in die denkbeelde daaroor. En dit moet daar bly. Hierdie progressie mag nie met 'n valse konserwatisme gerem word nie.

### Aktuele prediking

Die eis dat "aktueel" gepreek word, het 'n regmatige plek in die Reformatoriese kerke. Ons is as predikers anders en ons het ander mense voor ons as in die tyd van die Hervorming - dit sou dwaas wees om dit nie in berekening te bring nie. Tye is anders, die kerklike situasie is anders, ook het die teologiese wetenskap sedert die sestiende eeu nie stilgestaan nie.

Die lewende en ewig blywende Woord van God moet gebring word na die behoefte van hierdie tyd, hier en nou. Na die werklike behoefte, en nie na die smaak van die huidige tyd, wat maar meermale 'n wansmaak is nie. Nie so dat die fantasieë van die mense gevlei word nie. Mens kan nou bogenoemde eksperiment geensins as bewysgrond aanvoer nie. (Dit is na ons mening ongeoorloof om so 'n eksperiment uit te voer met die prediking). Die kansel is soos die braambos heilige grond waaruit die stem van God weerklink en is nie geskik vir eksperimente nie. Watter voorganger van die gemeente sou uit hierdie naïwiteit van die gehoor tot die slotkom durf kom: die mense kom dit nie agter nie, ek kan maar gerus Luther en Calvyn kopieer? Dit sou 'n jammerlike terugval wees na die middeleeuse "slaap-lekker-sisteem", wat selfs deur geen Roomse skywer meer goedgepraat word nie.

## Woord as norm

'n Gesonde ontwikkeling in die teorie en praktyk van die prediking van Gods Woord in navolging van die reformatoriese beginsels, moet nagestreef en toegejuig word. Dat die Woord van God self die onfeilbare norm bly, vanwaar gesonde en ongesonde ontwikkelings beoordeel word. Dan sal die progressiewe nooit in stryd kom mêt die getroue bewaring van die erfgoed van die reformasie nie.

Veral in die beoefening van die teorie van preek sal nog baie vordering gemaak kan word.

**Dr. Ph. J. Huisjer (Uit: De reformatie der prediking, 1955).**

★ ★ ★ ★ ★

# PROPAGANDA TEEN DIE KERK

Propaganda teen die kerk is totalitêr en bring 'n duidelike onderskeid tussen die koninkryk van God en die ryk van die duisternis na vore. Hierin is die aanslag sowel openlik as subtiel. As voorbeeld kan genoem word die kommunistiese aanslag op die kerk in lande wat onder die druk van kommunisme was of is. So is dit 'n beproefde propagandistiese tegniek om óf deur afpersing predikante te laat spreek soos die staat hulle wou laat spreek, óf om die kerk in 'n swak lig te stel wanneer dit die staat pas.

## Aanslag in haat

Haat teen die Christelike godsdiens is essensieel deel van die kommunistiese stelsel, en is reeds in die ontstaan daarvan ingebou. Marx sien die Christelike godsdiens, in navolging van Feuerbach, nie slegs as 'n produk van die ontspoorde menslike fantasie nie, maar word gedryf deur haat vir God en mens. Sy ateïsme was in wese 'n aktiewe haat van God en godsdiens. Dit is vanselfsprekend dat hierdie haat saamhang met die res van sy denke en ook sy staatsbeskouing sou beïnvloed. Hierdie houding was inderdaad nie net by Marx te vinde nie, maar ook by ander grondleggers en eksponente van die kommunisme soos Engels, Bukarin, Stalin en Mao ze Dong.

## Onversoenbaar

Dit is noodwendig dat Marxisme (in wese kommunisme) en die ware Christendom altyd in stryd en onversoenbaar met mekaar sal wees. So gebeur dit dat die kommunisme onverdraagsaam teenoor die kerk is en dit voortdurend ondermyn en probeer uitroei. In hierdie stryd teen die kerk is propaganda een van die magtigste wapens. Tegelykertyd bied die propaganda ook regverdiging vir en sanksionering van staatsregtelike, maar ook nie-amptelike optrede teen die kerk. Vervolgens word na enkele aspekte van die propaganda-aanslag op die kerk in kommunistiese lande gekyk.

## Kerk onder kommuniste

Aanvanklik is aanvaar dat die kerk met die aankons van die kommunisme in Rusland vanself sou verdwyn. Die Bolsjewiste het egter nie gewag om met die aftakeling van die kerk te begin nie. Hulle het die kerklike eiendom gekonfiskeer, wette gemaak teen die kerk, en selfs met verskeie dade van geweld teen die kerk opgetree. Die was veral die Russies-Ortodokse Kerk wat aanvanklik die hoofteiken van hulle optrede was. Die belangrikste anti-religieuse wetgewing was waarskynlik diė wat met dekreet uitgevaardig is op 5 Februarie 1918. Kerk en staat is geskei, alle openbare godsdienstige onderrig is verbied, asook die besit van enige eiendom, terwyl selfs die vryheid tot die uitoefening van rites beperk is. Ekonomiese druk en fisiese terreur teen die kerk is verskerp, met die gevolg dat die spanning tussen kerk en staat al meer toegeneem het.

In 'n poging om die Ortodokse kerk te ondermyn is kleiner kerklike verbande aanvanklik deur die kommunistiese party ondersteun. Hiermee saam is die vorming van sektariese groepe aangemoedig. In 1922 het die Party gepoog om die kerk te skeur deur 'n skeurmakende beweging binne die kerk te steun, die sogenaamde "Lewende Kerk". Tot en met 1927 was die "Lewende Kerk" ook die enigste amptelik erkende Ortodokse kerklike liggaam. Die staat (of Party) wou hierdeur die invloed van die kerk op die mense verminder.

Patriarg Thikon, wat intussen in die gevangenis gesit is, het met sy latere vrylating 'n beleid van "politieke neutraliteit" gehandhaaf. Later het Patriarg Sergi die beleid van neutraliteit laat vaar ten gunste van samewerking met die regering. Alleen so kon die kerk van die staat erkenning verkry, maar alleen so kon die staat ook 'n besliste houvas op die kerk kry.

## Akkommodasie

Akkommodasie was by uitstek die suksesvolste propagandapoging deur die staat. Hierdeur is die Ortodokse kerk se unieke boodskap en bestaan finaal in gedrang gebring. Later is die kerk dan ook deursuur van kommunistiese agente, selfs tot hoog in die hiërargie.

Intussen is die openlike propaganda teen die kerk voorgesit. Op grond van die wet is die kerk vervolg, en die aktiewe propagering van wetenskaplike ateïsme het daartoe bygedra dat die kerk in die algemeen verswak is. Met oppervlakkige toegewings van tyd tot tyd was dit die patroon wat die aanslag op die kerk aangeneem het. Wat die staat op geen ander manier kon regkry nie, is met sogenaamde samewerking en akkommodasie bereik. Vervolgens word die spesifieke propagandastappe teen die liggaam van Christus in die destydse USSR genoem.

## Metodes

Die reeds gemelde taktiek van akkommodasie behels dat sommige "geestelikes" of 'n deel van die kerklike gemeenskap met die kommuniste begin saamwerk. Dit het ook in ander lande gebeur soos byvoorbeeld die Volksrepubliek van China, met die "Drie Self Beweging". Dit het gedui op "self-bestuur, self-onderhouding en self-verkondiging". Gou het dit geblyk dat nuwe betekenis aan die missionêre slagspreuk gegee is deur die eintlike bedoeling van die beweging, naamlik om van alle imperialstiese invloede los te kom. In wese het dit ook beteken om van die invloed van Westerse sendelinge ontslae te raak. In hulle propaganda word gevolglik baie van die sogenaamde "misdade" van die sendelinge gemaak. So word die kerk geakkommodeer om tegelyk die unieke standpunt van die kerk te verswak, 'n propagandistiese medium te verkry wat kommunisme goedkeur of legitimeer, en ruimte bied vir staatsregtelike houvas op die kerk.

## Liberale verdraagsaamheid

Dit is dan ook nie vreemd dat twee onafhanklike studies (een oor die Christendom in China, Lyall 1969, en die ander oor die liberale rigting in Suid-Afrika, Hanekom 1951) tot die gevolgtrekking kom dat dit juis die liberale teoloë is wat 'n sekere verdraagsaamheid het teenoor die sektes, ideologieë en allerhande nuwe idees en nuwe politiek nie. Dit is nie vreemd nie omdat met hierdie verdraagsaamheid teenoor nuwe idees en politiek aan die een kant, daar aan die ander kant 'n groot onverdraagsaamheid teenoor die handhawing van die suiwer leer of ortodoksie is. So het twee pastore (Watchman en Wang Ming Tao) in die gevangenis beland in hulle opponering van die liberalisme van die "Drie Self Beweging" wat met die kommuniste saamgewerk het. Hulle het die "imperialistiese gif" ondersoek waarteen die "Drie Self Beweging" te velde getrek het - en gevind dat dit in wese die Evangelie was. Deur hierdie akkommodasie en samewerking het die kerk 'n propagandamiddel teen homself geword. Daar was egter ook openlike pogings om die kerk te oorweldig.

## Anti-religieuse organisasies

Daar was, tweedens, die oprigting van anti-religieuese ateïstiese organisasies. Organisasies soos die "Bond van die Militante Goddelose" en die "Klub van Ateïste" wat aktief begin het met die verkondiging van die ateïsme, wat by nader beskouing altyd uitgeloop het op 'n propagandistiese aanval op die kerk. Behalwe dat hulle gepoog het om die kommunistiese, alternatiewe lewens- en wêreldbeskouing daar te stel, het hulle elke moontlike metode gebruik om kerk en godsdiens af te breek.

## Films

Daar is ook van films gebruik gemaak. Wurmbrand het gesê dat elke Russiese film 'n voertuig was van propaganda wat 'n ideologie van haat en goddeloosheid versprei

het. In baie van die films, soos "Sonsopkoms oor die Neman" word die kerk in 'n negatiewe lig gestel. Baie van die films is ook gratis vertoon.

Vierdens word die pers ingespan in die propagandaveldtog teen die kerk, dikwels tot 'n graad van belaglikheid. Valse bewerings en aanklagte het elke dag in die koerante verskyn en Christene is gewoonlik as staatsgevaarlike malles en fanatici beskryf. In die Kazakstanskaia Pravda (12 September 1962) word, na aanleiding van baptiste-predikante, beskryf hoe 'n dogter getuig dat sy met kettings en die dood gedreig is as sy nie wou saambid nie. Ook hier word van die leuen en valse gerugte gebruik gemaak om Christene in 'n swak lig te stel.

Die aanval teen die kerk is natuurlik niks anders as 'n aanval teen God nie. Direk of indirek word propaganda teen God gevoer. Ongelukkig het die kommuniste dikwels juis onbybelse tradisies en bygelowe van Chistene gebruik om andere op God se "onmag" te wys. So is gerugte van onvervulde genesings en opgevoerde genesings gepubliseer. Veel word ook gemaak van die Feuerbachiaanse hipotese dat die mense gode uitgevind het om die onverklaarbare te verklaar. Deur herhaling in die skool en die pers, word hierdie lastering naderhand die "waarheid" vir dié wat nie standvastig in die geloof is nie.

## Wetenskaplike eksperimente

Die kommuniste skroom ook nie om, vyfdens, by wyse van sogenaande wetenskaplike eksperimente die kerk belaglik te maak nie. "Heilige water" is onder andere in klaskamers onder die mikroskoop bestudeer om te bewys dat dit nie verskil van enige ander water nie. Daar is selfs kompetisies tussen gedoopte en ongedoopte kinders gehou, om te kyk of daar enige verskil ten opsigte van gesondheid en groei waar te neem is. Verder is goddelose "meteorologie" ingestel om geloof dat gebede die weer kan beïnvloed, te ondermyn.

## Getuigskrif-tegniek

In die buiteland word ook van allerhande taktiek gebruik gemaak, aangesien daar 'n mate van weerstand in die Weste teen die godsdiensvervolging was. Die kommuniste het gepoog, en dikwels daarin geslaag, om aan die Weste te toon dat daar wel godsdiensvryheid in die USSR bestaan. Een van die effektiewe metodes was die "getuigskrif-tegniek", of die misbruik van outoriteit.

So het 'n besoeker eenkeer van Rusland af teruggekom met die getuienis dat daar seweduisend kerke op daardie stadium in die USSR is. Die statistieke was nie net ongekontroleer nie maar was inderdaad deur die kommuniste opgestel. Meer onlangs (Mei 1982) het iemand met groot respek in die weste, Billy Graham, van die kommunistiese land af teruggekom met die getuienis dat daar genoegsame godsdiensvryheid bestaan en hy geen vervolging gesien het nie. Hy het ook gesê dat daar twintig duisend plekke van aanbidding is en dat elke jaar etlike honderde meer geregistreer word.

Hierdie getuienis het groot skade aan die sendingwerk in die Oosbloklande, asook in die Weste aan die ondersteuningswerk vir sending, gedoen. Hill het aangetoon dat hierdie flater van Billy Graham deel van die Sowjet-manupilasie en strategie was. In 1988 (met groter "oopheid" in die Sowjet-Unie) het die vrystelling van statistieke egter getoon dat daar nie alleen nie honderde nuwe kerke jaarliks geregistreer word nie, maar dat die getal regsitrasies inderdaad met seweduisend gedaal het, en aanhou daal het tot 1986. Wat Graham verder nagelaat het om te meld, was dat 6 uit elke 7 kerkgeboue met kommunistiese oorgawe gesluit is, terwyl die res gekontroleerd nie gebruik is waarvoor hulle gebou was nie.

## Betekenisverskuiwing

Boeke kan volgeskryf word oor die kommunsitiese propaganda teen die kerk. Met Martin Luther se verjaardagviering in 1983 het die kommunistiese leier in Oos Duitsland, Erich Honecker, na Luther verwys as "die inisieerder van die grootste rewolusionêre beweging". Nie alleen word hierdeur 'n persoon van groot respek in die Protestantisme gekaap vir die saak van die kommunisme nie, maar ook word op subtiele wyse die Reformasie onder terme van die rewolusie gebring. Nuwe betekenis word aan Luther se optrede geheg, en daar ontstaan

'n verskuiwing van betekenis van terme: die "Reformasie" word nou met "rewolusie" vereenselwig en ingevul, en dan word rewolusie in besonder in die kommunstiese sin verstaan.

Hierdie voorbeeld met Luther toon aan hoe maklik die kerk gebruik kan word vir propaganda teen homself. Op dieselfde wyse word die kerk oënskynlik al meer gebruik as instrument vir allerhande propaganda.

**Ds. H.W. Van der Walt (Uit Th.B skripsie)**

* * * * *

## DIE BEKERTEKEN BY DIE NAGMAAL

Die vier instellingsberigte van die Nagmaal (Mt 26:26-29, Mk 14:22-25, Lk 22:15-20 en 1 Kor 11:24-26) vertoon ten opsigte van die beker 'n opvallende verskil. Coetzee (1990 - in Koers) vestig die aandag daarop dat Jesus volgens Matteus en Markus die bekerteken verklaar as: "Hierdie is my bloed van die verbond", terwyl Lukas en Paulus sy woorde aangee as: "Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed".

### Twee bewoordings

Die twee bewoordings bevat geen wesenlike verskil nie maar bied tog twee verskillende beklemtoninge:

⋆ Die eerste stel die betekende saak as "die bloed van Christus"; die tweede stel die betekende saak as die "nuwe verbond".

⋆ Die eerste is nie presies ten opsigte van die teken self nie. Jesus sê: "Hierdie (toutou in die Grieks) is my bloed.." Die tweede stel uitdruklik dat die beker die teken is. Jesus sê: "Hierdie beker is die nuwe verbond ..."

### Beker of wyn?

By die eerste bewoording (van Matteus en Markus) word na die teken verwys bloot as "hierdie". Grammaties gesproke verwys "hierdie" na die beker. Logies gesproke is dit oop vir interpretasie waarna "hierdie" verwys - na die beker, of na die inhoud van die beker of na beide. Omdat die betekende saak "bloed" is, sou daaruit afgelei kon word dat die teken ook 'n vloeistof moet wees - in hierdie geval: wyn.

### Beker is teken

Die tweede bewoording laat geen twyfel nie. Jesus sê uitdruklik: hierdie "beker" is die teken. Sommige verklaarders is van mening dat die "beker" bloot as plaasvervangende woord (metononia) gebruik word wat eintlik na die "wyn" verwys.

Die verklaring van die beker as slegs 'n plaasvervangende woord is egter problematies om die volgende redes:

- Daar is geen aanduiding uit die teks of konteks dat die beker as blote plaasvervanging vir wyn beskou moet word nie. Om na 1 Kor 10:21, 11:26,27,28 te verwys om aan te toon dat "drink van die beker" elders in die Skrif ook as plaasvervangende verwysing na wyn gebruik word, oortuig nie;
- omdat die tekste in 1 Kor 11 juis uit Paulus se weergawe van die instelling van die Nagmaal kom en 1 Kor 10:21 sy betekenis juis aan die instellingswoorde van die Nagmaal ontleen, en nie andersom nie.

Die genoemde verklaring sien wel raak dat Jesus by die instelling van die Nagmaal van plaasvervangende woorde gebruik maak, maar sien nie raak waarin dit werklik geleë is nie. Die werklike plaasvervanging is geleë in die sakrament self: die brood dien as plaasvervangende verwysing na die liggaam van Jesus Christus; die beker wyn as plaasvervangende verwysing na die bloed van Christus.

### Openbaringhistories

Die verklaring van "beker" as blote plaasvervanging vir "wyn" hou nie met die besondere openbaringshistoriese betekenis van "beker" in die Skrif rekening nie. In Mat 20:22 vra Jesus vir sy dissipels: "Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink?" en in Mat 26:39 bid Hy in Getsemane dat "hierdie beker" by Hom mag verbygaan. In beide gevalle is die "beker" 'n besondere simbool wat verwys na die toorn van God wat Christus ten volle aan die kruis sou dra. Dat die "beker" na die oordeel van God oor die sonde verwys, word gerugsteun deur die "beker van grimmigheid" waarvan ons in Jes 51:17 lees (vgl. ook Jer 25:15, Ps 75:9, Hab 2:16, Open 14:10, 16:19, 18:6).

Oor die algemeen word "beker" in die Ou Testament gebruik as 'n verwysing na die lotsbeskikking van God se bondeling bv. Ps 16:5, 116:13. Indien die beker as blote plaasvervangende verwysing vir wyn beskou word, word die ryke openbaringsinhoud wat die Skrif self daaraan verleen, verbygegaan.

## Beker wyn

Deur die beker as plaasvervangende verwysing vir wyn te gebruik, maak genoemde verklaarders 'n ontoelaatbare skeiding tussen die beker en die inhoud daarvan (die wyn). Veel eerder moet ons "hierdie beker" as sinekdogee beskou, dit wil sê as die deel wat benoem word in verwysing na die geheel. Spesifiek die woord "beker" word gebruik, maar daarmee word nie 'n blote leë beker bedoel nie: dit gaan om 'n beker met dit wat daarin is - dus 'n beker wyn. Dat Jesus die beker as sinekdogee vir "beker wyn" gebruik, word bevestig deur sy woorde in 1 Kor 11:26: "So dikwels as julle ... die beker drink".

Verder hou so 'n verklaring nie rekening daarmee nie dat die instellingsberigte konsekwent naas die brood slegs na die "beker" verwys. "Wyn" word nêrens eksplisiet vermeld nie en is net by implikasie aanwesig. Die implikasie geskied dan deur die sinekdogeïse gebruik van die woord "beker". Coetzee skryf hieroor: "Die eksegetiese implikasie hiervan is dat die beker klaarblyklik baie sterk op die voorgrond staan - skynbaar selfs sterker as die wyn (inhoud daarvan)."

## Geen leë beker

Die sinekdogeïese gebruik van "beker", dit wil sê as verwysing na "beker met wyn", bring die volgende belangrike oorwegings na vore: Die beker wyn is onafskeidbaar: Jesus gee nie 'n leë beker aan sy dissipels nie; ook gee Hy nie somaar net wyn vir hulle nie. Hy gee dit uitdruklik in 'n "beker". Beker en wyn by die Nagmaal kan nie van mekaar geskei word nie - die een kan nie sonder die ander nie.

Die beker wyn dien as plaasvervangende verwysing, dit wil sê as teken van die bloed van Christus wat as offer van die nuwe verbond vir ons gegee is. Ook die betekende saak is 'n onafskeibare eenheid: die "bloed van Christus" en "die nuwe verbond" kan nie van mekaar geskei word nie. Die eenheid tussen die bloed en die nuwe verbond word deur verskeie verklaarders bevestig.

## Nuwe verbond

Te midde van die onafskeidbaarheid van bloed en verbond, laat val die twee bewoordings van die Nagmaalsinstelling die klem verskillend: Matteus en Markus laat val die klem op die bloed van Christus ("Dit is my bloed, die bloed van die nuwe verbond"). Lukas en Paulus laat val die klem op die nuwe verbond: "Hierdie beker is die nuwe verbond in my bloed". Dit is opvallend dat, waar die klem op die nuwe verbond val, spesifiek van die beker melding gemaak word.

Hieruit is dit duidelik: Die beker by die Nagmaal stel die bloed van Christus direk in verband met die nuwe verbond. Die beker ( = beker wyn) is dus in besonder verwysend (metanomia vir) die nuwe verbond in die bloed van Christus. Dit beteken dat daar 'n duidelike punt van ooreenkoms tussen beker en nuwe verbond moet bestaan.

## Fokus op die nuwe verbond

Lukas en Paulus berig dat Jesus, toe Hy die beker uitgedeel het, gesê het: "Hierdie beker is die nuwe verbond". Wat die inhoud van hierdie nuwe verbond is, word nie gesê nie. Jesus kwalifiseer dit egter met die woorde "in my bloed". Volgens Lukas voeg Hy daaraan toe "wat vir julle uitgegiet word".

Belangrik is dat die Nagmaal 'n maaltyd is van die verbond, die nuwe verbond, vervul in die bloed van Christus wat vir ons uitgegiet is.

By beide die Nagmaal en die Pasga is die verbond op die voorgrond. Watter verbond? Dit kan tog niks anders wees as die genadeverbond wat God met Abraham gesluit het nie (Gen 15:18), want dit is 'n ewige verbond (Gen 17:7). Maar tog het die verbond nie so gebly nie. Vir die verbondsvolk van die Ou testament het die verbond sy beslag gekry by die Sinaïtiese wetgewing; in die Nuwe Testament het God sy verbond nuut gemaak in Christus. Coetzee toon aan dat

die nuwe verbond in die plek van die Sinaïtiese wetsverbond is en 'n nuutmaking van die genadeverbond met Abraham. Daarom: die Pasga was die maaltyd van die ou verbond, die Nagmaal die maaltyd van die nuwe verbond.

## Bloed

Die byvoeging "in my bloed" wys op die wyse waarop die ou verbond nuut gemaak is. By die ou verbond het bloed 'n belangrike plek ingeneem (Gen 15:9-21, 17:11,23, Eks 4:25,26). Hieruit sou dan volg dat ook by die nuutmaking van die verbond bloed sou vloei - die offerbleod van Christus aan die kruis. Die beloftes van die ou verbond het dus met Christus se kruisdood in vervulling gegaan, en so het die ou verbond nuut geword - nuut, nie omdat dit die ou verbond vervang nie, maar nuut in die sin dat dit wat voorheen as beloftes en by wyse van voorafskaduwing gegee is, in die bloed van Christus vervul is en werklikheid geword het.

## Drink almal

Teen hierdie agtergrond moet die onderskeie vormgewings van Mt/Mk en Lk/1Kor verstaan word. Die beker en die inhoud van die beker is dus nie net in praktyk nie maar ook as Nagmaalsteken onafskeidbaar aan mekaar verbonde, net soos die nuwe verbond en Christus se bloedstorting aan die kruis onafskeidbaar aan mekaar verbonde is. Die eintlike teken van die Nagmaal is nie soseer in die wyn geleë nie, ook nie in die beker nie - maar in die aktiwiteit om gemeenskaplik uit die beker te drink.

## Diskontinuïteit

Die beker teken dus die nuwe verbond af, soos by wyse van Skrif-met-Skrif-vergelyking blyk. Uit Jer 31:32 lees ons dat die nuwe verbond wat die Here gee "nie soos die verbond wat Ek met julle vaders gesluit het op die dag toe Ek ... hulle uit Egipteland uitgelei het" sal wees nie. Dus is die nuwe verbond ten diepste 'n nuutmaking van die verbond met Abraham. In 2 Kor 3:6 stel Paulus dat hy deur God bekwaam gemaak is as dienaar van 'n nuwe verbond. Hy beskryf dan die nuwe verbond as "nie van die letter nie, maar van die gees". Die "letter" verwys na die wet van die ou verbond. Die evangelie van Christus is dus die "gees" van die wet, wat lewend maak. Die evangelie is die nuwe verbond in Christus waarna die ou verbond verwys. In Heb 9:15 word na die gekruisigde Christus verwys as die "Middelaar van die nuwe verbond". Juis in die offerbloed lê die kontinuïteit van die ou en die nuwe verbond.

Maar daar is ook 'n diskontinuïteit wat daarin bestaan dat daar in die ou verbond baie en herhaalde offers gebring is, wat in die nuwe verbond in vervulling gegaan het in die een offer van Christus om ons sondes finaal weg te neem. Wesentlik aan die nuwe verbond is dan juis dat op grond van die een bloedstorting van Christus die sondes van baie weggeneem is. Hierdie wesentlike aspek van die verbond is by die instelling van die Nagmaal beteken deur die beker, waarby die wyn die bloed aandui, en dieselfde beker waaruit al die dissipels gedrink het, die een offer vir die verlossing van baie aangedui het.

Die beker wyn by die Nagmaal is dus die teken van die bloed van Christus wat aan die kruis as offer van die nuwe verbond vir ons sondes gestort is:
- die wyn as teken van die bloed van die verbond
- die gemeenskaplike beker as teken van die nuwe verbond self, nl. die een offer wat die sondes van baie wegneem.

**Prof. G.J.C. Jordaan**

*****

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

## WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..........................................

Adres:..........................................

..........................................

..........................................

Poskode:..........................................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..........................................

Datum:.......................................... Handtekening:..........................................

Stuur u inskrywingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS